CONQUESTA
is 'n lid van
ASTEMI
SCIENCE TECHNOLOGY ENGINEERING MATHEMATICS INNOVATION
OLYMPIADS & COMPETITIONS

031 764 1972 (Suid-Afrika)
www.conquestaolympiads.com
conquest@iafrica.com

CONQUESTA 2020

Gryp die uitdaging!

Sosiale Wetenskappe – Graad 6

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood *(sien voorbeeld 1 hieronder)*. Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(sien voorbeeld 2 hieronder)*.

Voorbeeld 1:-

4.	a	b		d

Voorbeeld 2:-

4.	a			d

1. 'n Denkbeeldige lyn wat die aarde in noord en suid verdeel, word die …… genoem.
(a) Kreefskeerkring (b) Steenbokskeerkring
(c) ewenaar (d) Greenwichmeridiaan

2. Die lyn op 'n kaart, of aardbol, wat by 0º vanaf die Noordpool na die Suidpool loop, staan bekend as die ……
(a) Suidpool.
(b) Noordpool.
(c) ewenaar.
(d) Greenwichmeridiaan.



Gebruik die kaart hieronder om vrae 3 en 4 te beantwoord.



3. Watter oseaan skei Suid-Amerika van Asië af?
(a) Indiese. (b) Atlantiese.
(c) Stille. (d) Mediterreense.

4. Watter oseaan grens aan Asië aan die oostekant?
(a) Indiese. (b) Atlantiese.
(c) Stille. (d) Mediterreense.

5. …….. *(sien diagram hieronder)* kan die helfte van 'n sfeer genoem word.
(a) Die suidelike (of noordelike) halfrond
(b) Koördinate
(c) 180º lengtegraad
(d) Nie een van bostaande.



As jou afstand 13,7 cm op 'n kaart is en jou skaal op dieselfde kaart 1 cm = 100 km op die grond *(land)*.

6. Wat is die werklike afstand op die grond?
(a) 13 700 km (b) 1 370 km
(c) 370 km (d) 137 km

7. 'n *'Roosterverwysing'* ……
(a) is 'n lyn wat toon hoe afstande met mekaar vergelyk.
(b) is 'n reeks vertikale en horisontale roosterlyne.
(c) is 'n kaartgids om stede op 'n rooster te vind.
(d) toon die posisie van 'n plek op 'n rooster.

8. Wat sou jy gebruik om die reguitlyn-afstand van 'n pad te bereken?
(a) Pen/potlood. (b) Liniaal.
(c) Papier. (d) Al bogemelde.

9. Watter tipe kaart word hieronder geïdentifiseer?

(a) Politieke. (b) Fisiese.
(c) Tematiese. (d) Topografiese.

'n Atlas is 'n boek van kaarte.

10. Wat word die laaste paar bladsye van 'n atlas genoem?
(a) Kaartleesvermoëns.
(b) Hoe om die atlas te gebruik.
(c) Inhoudsblad.
(d) Indeks.



Voorbeeld

Kyk na die kaart hieronder om vrae 11 – 13 te beantwoord.

11. Watter provinsie is direk oos van Noordwes-provinsie?
(a) KwaZulu-Natal.
(b) Limpopo.
(c) Noord-Kaap.
(d) Gauteng.

12. Die oseaan wat Suid-Afrika aan die westekant begrens, is die …… Oseaan.
(a) Vaal (b) Indiese
(c) Oranje (d) Atlantiese

13. Bloemfontein is die hoofstad van die ……
(a) Wes-Kaap.
(b) Oos-Kaap.
(c) Vrystaat.
(d) Noord-Kaap.

14. Die ewenaar word halfpad tussen die Noordpool en die Suidpool by …… breedteliggings gevind. Dit loop deur 13 lande.
(a) 60ºS (b) 23½ºN (c) 23½ºS (d) 0º

15. …… is goedere wat deur 'n land van ander lande gekoop word.
(a) Invoere
(b) Uitvoere
(c) Al bostaande.
(d) Nie een van bostaande nie.

16. Suid-Afrika se hoofuitvoer sluit …… in.
(a) goud (b) diamante
(c) yster (d) Al bostaande.

17. Die term wat vir sekondêre produkte gebruik word, is ……
(a) vervaardigde produkte.
(b) rou materiale.
(c) steenkool en hout.
(d) Al bostaande.

Mense beskik oor vaardighede wat hulle in staat stel om sekere werke te verrig.

18. Watter van hierdie is 'n voorbeeld van 'n geskoolde werker?
(a) 'n Plaasarbeider.
(b) 'n Straathandelaar.
(c) 'n Skoonmaker.
(d) 'n Elektrisiën.

19. Is rou materiale goedkoper as vervaardigde materiaal?
(a) Ja.
(b) Nee.
(c) Slegs wanneer dit per trein vervoer word nadat dit geoes is.
(d) Nie een van bostaande nie.

20. 'n …… is 'n vaste volgorde van aksies wat lei tot 'n verandering of resultaat.
(a) Diens (b) Proses
(c) Vaardigheid (d) Nie een van bostaande nie.

21. Wanneer goud in juweliersware gebruik word, meet ons die suiwerheid in …..
(a) karaat
(b) gram.
(c) [illegible]se.
(d) kilogram.

22. Onregverdige handel gebeur wanneer ……
(a) kinders *nie* gedwing word om te werk *nie*.
(b) mense vaardighede ontwikkel.
(c) plaasboere en mynwerkers goeie lone ontvang.
(d) pryse te hoog gestel word vir basiese kommoditeite.

23. In 'n ontwikkelende land verwys regverdige handel na …….
(a) ordentlike werksomstandighede.
(b) beter lewenstandaard vir plaasboere en werkers.
(c) Beide (a) en (b) is korrek.
(d) die beperking van lone tot 'n minimum.

24. Uitbuiting in die werksplek sluit in ……
(a) hoër lone. (b) kort werksure.
(c) *geen* siekteverlof. (d) Al bostaande.

25. Uitbuiting verwys daarna ……
(a) om mense op 'n selfsugtige en onregverdige wyse te behandel.
(b) om te leer hoe om moeilike take te verrig.
(c) 'n vasgestelde volgorde van aksies wat lei tot 'n verandering of 'n resultaat.
(d) Beide (a) en (b).

Voorbeeld